higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4

(11011004)

1 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 addendum.

157Q1N2001

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of ’n blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid verseker dat alle werkgewers alle werknemers oor die omvang van hulle veiligheidsverantwoordelikhede inlig.

1.1.2 Asbakkies in ’n sigaarsitkamer kan in kartondose leeggemaak word.

1.1.3 Dermatitis kan veroorsaak word deur die verkeerde gebruik van chemiese skoonmaakmiddels.

1.1.4 Roetine deursoek van items wat die perseel inkom, sal uitgevoer word wanneer nodig.

1.1.5 Ten minste een of twee kleurvolle kosse moet by elke menu aanbieding ingesluit word.

1.1.6 Gepas gekwalifiseerde en meer ervare sjefs sal verantwoordelik wees om kaassoufflés in die kombuis te maak.

1.1.7 Opleiding van kelners is noodsaaklik om foute met gaste se bestellings uit te skakel en om doeltreffende diens te lewer.

1.1.8 ’n Resep kan nie gewysig word as dit ’n gekompliseerde voorbereidingsmetode insluit nie.

1.1.9 Kies ’n loopbaan wat verskillende voordele en geleenthede het.

1.1.10 Aanslag is ’n standaard manier om te bepaal of mense hulle vaardighede verbeter.

1.1.11 Om inligting oor mededingers in te samel, is nie belangrik wanneer besigheidsgeleenthede nagevors word nie.

1.1.12 Mense moet weet wat hulle vaardighede, swakhede en beskikbare loopbaanopsies is om die regte keuse vir hulle toekoms te maak.

1.1.13 Die telefoon is ’n verouderde hulpmiddel om inligting oor self-indiensnemingbesigheidsgeleenthede te soek.

1.1.14 Draagbaarheid van vaardighede is noodsaaklik vir ’n suksesvolle loopbaan omdat ’n mens hierdie vaardighede kan saamneem waarheen jy ook al in die toekoms gaan.

1.1.15 Prestasiebeoordelings verseker dat areas van swakhede op ’n negatiewe manier aangebied word om werknemers aan te moedig om hulle werk te verbeter. (15)

Kopiereg voorbehou

1.2 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.2.1 Die metode om ’n onbeseerde deel van ’n pasiënt se liggaam te gebruik om ’n beseerde deel van die liggaam te immobiliseer.

1.2.2 ’n Vloerplan van ’n gebou wat van bo-af getoon word.

1.2.3 Hierdie oefening moet kwartaalliks uitgevoer word om seker te maak dat alle personeel weet wat om in ’n noodgeval te doen.

1.2.4 Die ... is ’n metode om die items wat aangebied word aan die kliënte te kommunikeer.

1.2.5 Stel jou eie … ontleding vir jou loopbaanbeplanning op.

1.2.6 … evaluering behels die insameling van inligting van mense binne en buite die organisasie wat eintlik met die werknemer te doen het.

1.2.7 Die … is hoe jy die lewe in die uitvoering van jou daaglikse werk ervaar in terme van jou doeltreffendheid by die werk.

1.2.8 ’n … staan die beleggers slegs 20 jaar se eksklusiewe beskerming van regte toe.

1.2.9 Die … verduidelik die daaglikse werking van die besigheid, sy ligging, toerusting, mense, prosesse en omringende omgewing.

1.2.10 … verwys na of iets gedoen kan word en of dit die moeite werd is om in ’n mens se besigheid te doen. (10)

1.3 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.3.1 Hoe moet ’n mens ’n brandkombers gebruik as ’n werknemer se mou aan die brand geslaan het omdat olie sy vlampunt bereik het?

A Trek die swart bande weg en gooi die kombers na die persoon.
B Trek die swart bande om die kombers vry te laat en waai die kombers oor die vlamme.
C Trek die swart bande om die kombers vry te laat en bedek die mou daarmee.
D Trek die swart bande, maak die kombers nat en bedek die vlamme dan daarmee.

Kopiereg voorbehou

1.3.2 Nie-verpligtende veiligheidstekens word gebruik om die volgende aan te dui:

A Wees versigtig vir gevare soos die risiko van ’n gladde oppervlak.
B In ’n noodgeval kan sulke nooduitgange gebruik word.
C Dui aan om óf te stop óf dat iets gedoen moet word.
D Iets spesifieks moet gedoen word, soos om afval in asblikke te gooi.

1.3.3 Dit is die riglyne wanneer toegangsbeheer geïmplementeer word:

A Sekere areas moet slegs vir geregistreerde hotelgaste gereserveer word.
B Personeel kan vriende sonder toesig in die onderneming se kombuis toelaat.
C Besoekers kan in die personeelarea vergesel word.
D Hotelgaste kan toegang tot alle areas van die hotel verkry, beide in die restaurant en kombuis.

1.3.4 Koste wat nie deur daaglikse verkope beïnvloed word nie, word ... genoem.

A voedselkoste
B vaste koste
C verkope, voedsel- en ander koste
D veranderlike koste

1.3.5 Vir hierdie maatskappymodel word ’n onafhanklike oudit van finansiële state deur geregistreerde ouditeure volgens reg vereis:

A Alleeneienaar
B Vennootskap
C Beslote korporasie
D Openbare maatskappy

1.3.6 Om permanent as ’n verpleegster met gereelde salaris en voordele van ’n hospitaal in staatsbesit te werk, beteken dat ’n mens … is.

A ’n alleeneienaar
B selfwerksaam
C in diens geneem
D ’n kontrakteur

1.3.7 Uit die maatskappye hieronder, watter EEN sal nie in staat wees om ’n entrepreneur finansieel te help met aanvangskapitaal nie?

A FNB
B Umsobomvu (UYF)
C IKAPA
D SEDA

Kopiereg voorbehou

1.3.8 ’n Mens kan jou ontwikkelingsvordering deur … meet.

A ontwikkelingsvergaderings
B ontwikkeling van doelwitstelling
C ontwikkelingshulpmiddels
D ontwikkelingskriteria

1.3.9 Wanneer ’n werknemer opgelei word om ’n bestuurder te word, moet ’n mens hom/haar van die bestuurder se ... voorsien.

A doelwitte
B posbeskrywing
C maatskappybeleid
D CV

1.3.10 Dokumente wat regsbeskerming teen regsgedinge vir onregmatige diensbeëindiging bied:

A Voorraaddokumente
B NASFAS aansoek
C Bateregister
D Indiensnemingskontrak (10)

1.4 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Om slegs kos te eet wat deur die Joodse raad as skoon en aanvaarbaar goedgekeur is	A	Hindoe geloof
1.4.2	Glo dat koeie heilig is en eet dus nie beesvleis nie	B	Lakto-vegetariërs
1.4.3	Eet skulpvis, maar nie varkvleis nie	C	Christene
1.4.4	Tradisionele gewoontes eerder as godsdienstige gebruike dikteer koskeuses	D	Veganiste
1.4.5	Om ekologiese kwellings te hê dat om diere vir kos te voer ’n verkwistende gebruik van grondhulpbronne is	E	Pareve
		F	Boeddhiste
		G	Moslems
		H	Ovo-vegetariërs

(5)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

COVID-19 IS IN SUID-AFRIKA

Op 7 Januarie 2020 is 'Ernstige Akute Respiratoriese Sindroom Coronavirus 2' (SARS-CoV-2) bevestig as die oorsaak van 'Coronavirus Siekte 2019' of COVID-19 in China. Sedertdien het die virus na meer as 100 lande, insluitend Suid-Afrika versprei.

Hulle het bevind dat reisigers na gebiede waar daar deurlopend volhoubare oordrag van COVID-19 is, bejaardes, individue met komorbiditeite en gesondheidswerkers ’n hoër risiko het om te sterf.

Die virus versprei blykbaar van persoon tot persoon deur asemhalingsdruppeltjies wanneer ’n besmette persoon hoes of nies, soos die manier waarop griep en ander respiratoriese patogene versprei word. Tot dusver het die meeste gevalle voorgekom in mense met nabye fisiese kontak met gevalle en gesondheidswerkers wat pasiënte met COVID-19 versorg.

[Aangepas uit: *https://sacoronavirus.co.za/information-about-the-virus-2/*[

2.1 Restaurante kon op Vlak 2 van die Covid-19-inperking oopmaak, maar alles is nog nie terug na normaal nie.

Beskryf die veranderinge wat deur ’n onderneming geïmplementeer moet word om te voldoen aan die oorblywende beperkings wat nog geld:

2.1.1 Gesondheid van personeel en kliënte

2.1.2 Veiligheid van personeel en kliënte (2 × 5) (10)

2.2 Benewens Covid-19-tekens, watter ander opleidingsmetodes kan gebruik word wanneer alle personeel oor COVID-19-beskerming opgelei word? (4)

2.3 Peter is aangestel om as ’n lid van die COVID-19-veiligheidskomitee en het opdrag gekry om die kollegas oor Covid-19 en die toekoms vir die onderneming toe te spreek.

Help hom om ’n stap-vir-stap prosedure op te stel wat gevolg moet word wanneer ’n personeellid Covid-19-simptome het. (7)

Die gasvryheidsbedryf gebruik gas in die meeste kombuise om kliënte se etes voor te berei. Personeellede moet behoorlik opgelei word hoe om gastoerusting te inspekteer en gebruik, en wat om in die geval van ’n brand te doen.

2.4 Noem VYF visuele inspeksies wat ’n mens daagliks doen om na te gaan of daar gasfoute.is. (5)

2.5 Wie behoort hierdie daaglikse inspeksies uit te voer, die sous sjef of die veiligheidsbeampte? (1)

2.6 Verdedig jou antwoord op 2.5 deur verduidelikings vir jou keuse te verskaf. (2)

2.7 Noem TWEE spesialiste buite die gasvryheidsonderneming wat kan help om die gasstelsel in die kombuis te sertifiseer. (2)

2.8 Watter wenke kan die veiligheidsbeampte aan die spesialiste in 2.7 oor die evaluering van die gasstelsel gee? (5)

2.9 Gebruik die plan van 'n kombuis en restaurant op ADDENDUM A (aangeheg) en dui **met 'n sterretjie** aan waar die brandblussers geplaas moet word om hulle beskikbaar te hê in geval van 'n brand.
Haal die ADDENDUM uit die vraestel en plaas dit in die ANTWOORDBOEK. (4)
[40]

VRAAG 3

Wanneer 'n menu vir 'n funksie beplan word, sal die gasheer die organiseerder inlig oor enige spesiale dieetvereistes en die tyd van die jaar wat in gedagte gehou moet word.

3.1 Die gasheer lig die organiseerder in dat 10 van die 50 gaste wat die funksie bywoon diabeties is.

Watter diabetiese dieetriglyne sal die organiseerder in gedagte moet hou wanneer die menu opgestel word? (5)

3.2 Uit die lys hier onder, kies DRIE geskikte geregte vir 'n wintersaand-menu, en stel 'n Table d'hôte menu op deur daardie geregte te gebruik.

- Feta en beet voorgesit op raketslaai met 'n verkoelde joghurtslaaisous
- Gebraaide hoenderdye voorgesit met gebraaide aartappels en groente in seisoen
- Chinese bobotierolletjies voorgesit met 'n soetbrandrissiedoopsous
- Toffieroomys voorgesit met 'n vrugteslaai
- Malvapoeding voorgesit met vla
- Botter- en knoffelgebraaide vis voorgesit met 'n Mediterreense pastaslaai en 'n groenteterrien

Punte sal toegewys word vir die formaat van die menu. (6)

3.3 Waarom sal 'n buffet menu bestaande uit snoephappies ook 'n opsie wees vir die funksies wat in VRAAG 3.1 genoem word? (3)

3.4 Watter VYF voorstelle kan 'n mens vir die organiseerder gee oor hoe om die menu vir die funksie aan die kombuispersoneel oor te dra? (5)

Kopiereg voorbehou

3.5 Bestudeer die inligting hierbo en beantwoord die vrae.

Bhule is verantwoordelik om die gereg hier onder vir ’n raadsvergadering by Mappedi-konferensiesentrum te maak. Die vergadering is vir 6 mense, maar sy het net die oorspronklike resep vir 30 mense.

Vleisbredie – bedien 30

3 kg voorbereide stowevleis
260 g varkvet of olie
750 g ui, gekap
185 g meel
75 g paprika
180 g tamatiepuree
5, 625 l beesvleisaftreksel
15 jong aartappels, in kwarte gesny
90 g pietersielie, vir garnering

3.5.1 Wat sal die faktor vir die nuwe lewering wees? Toon alle berekeninge. (3)

3.5.2 Herbereken alle bestanddele om die nuwe lewering te akkommodeer en herskryf die resep met die nuwe hoeveelhede. (9)

3.5.3 Bereken die nuwe totale koste van die stowevleis (R119,95 per 1 kg) nadat die resep aangepas is. Toon alle berekeninge. (3)

3.5.4 As die koste van die vleisbredie R25,50 per porsie is en die verlangde bruto wins 45% is, wat moet die verkoopsprys wees? Toon alle berekeninge. (4)

3.6 Wat beteken die term *haram*? (1)

3.7 Watter godsdiens gebruik die term in VRAAG 3.6? (1)

[40]

VRAAG 4

Charlie is ’n toesighouer by ’n Mugg & Bean-koffiewinkel in Kaapstad. Hy werk in hierdie tak sedert hy sy Gasvryheid Vlak 4 verlede jaar voltooi het. Hy het as ’n kelner begin en het sedertdien ’n toesighouer geword. Sy oogmerk is om ’n winkelbestuurder te word, wat hom sal help om die vaardighede en kennis te verkry om eendag sy eie Mugg & Bean franchise te besit en hopelik ’n huis vir sy gesin te koop. Hy wil vir bestuurskursusse inskryf of ten minste die bestuurspersoneel werkskadu. Sy enigste probleem is dat hy nie vervoer het om hierdie kursusse by te woon of tydens die aandskof te werkskadu nie.

4.1 Charlie se huidige bestuurder het DRIE vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede vir hom geïdentifiseer.

Op watter manier kan die volgende vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede Charlie se prestasie en kans om ’n bestuurder te word, verbeter?

4.1.1 Universiteit se uitvoerende ontwikkelingsprogram

4.1.2 Persoonlike berading

4.1.3 Bestuursinsternskap

(3 × 2) (6)

4.2 Van die drie vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede wat in VRAAG 4.1 genoem word, uit watter TWEE sal Charlie die meeste voordeel trek? (2)

4.3 Brei uit op jou antwoord op VRAAG 4.2. (2 × 2) (4)

4.4 Stel ’n ontwikkelingsplan vir Charlie op deur sekere kort-, medium- en langtermyndoelwitte vir hom aan te dui. (6)

4.5 Waarom sal dit voordelig vir Charlie wees as hy betrokke is by die ontwerp en implementering van sy Persoonlike Ontwikkelingsplan? (4)

4.6 Waarom is dit belangrik om konsekwente positiewe terugvoer van ’n bestuurder te kry? (5)

4.7 Beveel spesialiste aan wat Charlie se prestasie evalueer terwyl hy sy Persoonlike Ontwikkelingsplan opstel. (2)

4.8 Wat kan sy bestuurder doen om nie tyd te verkwis gedurende ontwikkelingsvergaderings met Charlie nie? (5)

4.9 Watter moontlike negatiewe impak kon Covid-19 en inperkingsvlakke op Charlie se ontwikkelingsplan gehad het? (6)

[40]

VRAAG 5

Wanneer ’n mens ’n besigheid begin, moet ’n mens ’n sakemodel kies wat die maatskappy die beste pas, en ’n mens moet bevestig aan watter regsvereistes voldoen moet word.

5.1 Noem die VIER kenmerke van ’n venootskapsmaatskappymodel. (4)

5.2 Noem TWEE gasvryheidsbesighede wat ’n spesiale handelslisensie sal vereis. (2)

5.3 Tref ’n vergelyking tussen enterpreneurskap en om in diens geneem te word. (4 × 2) (8)

5.4 Trek ’n tabel wat die finansiële risiko’s en die finansiële voordele om ’n entrepreneur te wees, vergelyk. Tabuleer jou antwoord. (5 × 2) (10)

5.5 Watter owerhede kan met die volgende regsvereistes behulpsaam wees?

5.5.1 Registrasie van die besigheid (2)

5.5.2 Registrasie vir maatskappybelasting, BTW, LBS (2)

5.5.3 Registrasie vir die vergoedingsfonds (1)

5.6 Wanneer ’n sakeplan geskryf word, word die voornemende besigheid in detail onder die opskrif 'Sakestrategie' beskryf.

Beskryf hoe die Sakestrategie opgestel moet word en watter inligting ingesluit moet word. (4)

5.7 Stel VYF dokumente voor wat in die aanhangsel van ’n sakeplan ingesluit moet wees. (5)


5.8 Watter finansiële instelling verlang ’n sakeplan sodat hulle ’n mens se besigheid finansier? (2)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |



[Verkry van: https://www.canteendesigns.com]

HAAL DIE ADDENDUM UIT DIE VRAESTEL EN PLAAS DIT IN DIE ANTWOORDBOEK.

Kopiereg voorbehou